# Althea, die stokroosfeetjie

Althea bly in een van die blomme aan die lang ligroos stokroosplant. Daar is wittes, karmosyn, geel en nog ander stokroosplante.

**Wind**

Vandag waai die wind baie sterk.

"Ai!" sug Althea. "As die wind my tog net nie uit my blomhuisie waai nie!"

Althea klou aan die lang stuifmeeldrade vas. Sy word heen en weer geswaai.

Maar die wind waai vandag soos nog nooit tevore nie.

Althea voel hoe sy deur die lug trek.

Die pragtige feetjie word baie, baie bang.

"Wat gaan van my word?" dink sy. "Ek het tog so lekker gebly!"

Later hou die wind skielik op met waai.

Alles om Althea lyk skielik blou.

Sy kan tog nie in die groot blou lug wees nie . . . dink sy en kyk rond.

Hier lyk dit vir Althea net soos 'n groot lang tent wat heen en weer wieg.

**Kabouter**

"Wie is jy?" hoor Althea en kyk rond.

Sy sien die oulikste kaboutertjie, nog kleiner as syself, met 'n ligblou pakkie klere aan en die mooiste blou oë wat sy nog gesien het.

Althea vergeet skoon om bang te wees.

"Ek is Althea," sê sy. " 'n Stokroosfeetjie. En wie is jy?"

"Kantel," sê die oulike kaboutertjie. "Ek bly in Blommeland. Op die oomblik kuier ek hier by die ander kabouters. Hulle bly almal in Kantelbergklokkieblomme."

Althea se mond trek op 'n plooi. "O, maar dit is 'n vreeslike groot naam vir 'n blom," sê sy. "Ek sal probeer om dit te onthou."

Althea sit 'n rukkie stil. Gou spring sy regop. "Ek moet na my stokrooshuisie gaan soek," sê sy. "Ek weet nie of ek dit ooit weer gaan kry nie."

**Blommeland**

Kantel tuit sy mond. "Ag nee," sê hy. "Kom saam met my na Blommeland. Ek wil jou graag vir almal gaan wys. Ons sit nou juis in my towerballon."

Althea dink dat dit baie pret gaan wees. Kantel moet 'n slim kabouter wees, besluit sy. Hy sal haar seker mooi oppas. Althea knik haar kop. "Nou maar goed, Kantel," sê sy vrolik. "Kom ons ry met jou blou towerballon na Blommeland."

Kantel se blou oë is vol pret Wat Althea nie weet nie, is dat hy die ander kabouters belowe het dat hy 'n feetjie gaan saambring. En hier val sy sommer uit die lug in sy towerballon! Dis alles te goed om waar te wees!


Van pure moegheid raak Althea later aan die slaap. Totdat Kantel haar wakker maak.

Eers dink Althea dat sy nog slaap en in droomland is . . .

Daar is stemme en musiek . . .

Kantel kruip uit sy towerballon met Althea kort op sy hakke.

Buite staan Althea verstom.



**Reënboogland**

Sy is in 'n reënboogland van blomme!

Oral is musiek en almal lyk gelukkig.

Klein waterfonteintjies spuit hoog in die lug in met gekleurde vissies wat op en af duik.

As sy tog maar vir altyd en altyd hier kon bly!

Gou is daar 'n hele klompie kabouters by hulle. Hulle sing:

Kantelkabouter het belowe
om die mooiste feetjie te bring!
Hier is sy nou en ons glo hom.
Kom ons dans in 'n kring!

Welkom by ons feetjie mooi
met jou ligroos rok van 'n stokroosblom
Ons is bly dat Kantel jou saam wou bring
en dat jy besluit het om saam te kom!"

**Skoppelmaai**

Althea lag en gesels saam met almal. Hulle ry skoppelmaai aan 'n rankplank met rooi blomme . . .

Speel wegkruipertjie in die lang groen gras en drink nektar van die mooiste blomme.

Later lyk Kantel se blou oë baie treurig.

"Jy wil al seker teruggaan," sê hy vir Althea. "Dit sou lekker gewees het as jy vir altyd hier kon bly. Hier is ook pragtige stokrose en baie met 'n ligroos kleur."

Althea dink 'n rukkie. Dan vra sy: "Maar wil jy hê dat ek hier moet bly, Kantel? Hier in Blommeland. As jy dit wil hê, hoef ek nie weer terug te gaan nie . . ."

Kantel gryp Althea aan die hand en draai haar in die ronde. "Jy kan my vroutjie word!" roep hy uit. "Net wanneer jy wil gaan kuier ons rond in my wonderballon. Sê jy ja?"

Althea is nou baie gelukkig. "Ja! ja!" roep sy uit. "Kom ons gaan vertel vir almal!"

**Groot vreugde**

In Blommeland is nou groot vreugde. Daar moet 'n groot troue wees.

Kantel is die slimste kabouter en Althea, die mooiste feetjie. Dit is toe ook so.

Die grootste en mooiste troue wat nog ooit in Blommeland was.

Baie dae later het Althea gedink aan die dae toe sy in menseland gebly het.


As die wind nie so gewaai het nie, het sy nie in Kantel se blou towerballon geval nie.

Dan sou sy miskien nooit geweet het van 'n plek soos Blommeland nie.

Eendag . . . eendag, sal sy vir Kantel vra om daar met sy towerballon te gaan kuier.

Maar nie nou al nie.

Nou voel dit nog soos 'n sprokie om hier in Blommeland te bly! ◆



Althea, die stokroosfeetjie

Vragies:

LEES die storie eers baie deeglik (goed)

1. Waarvoor is Althea bang wat die wind gaan doen?
2. Waaraan klou sy vas? 3. Wie het sy gesien, kleiner as sy self?
4. Wat is die ou se naam en waar bly hy?
5. Waar kuier hy nou? 6. Waarin sit hulle nou?
7. Waar was Althea toe sy wakker word?
8. Hoe het dit daar gelyk? 9. Wat is 'n "skoppelmaai?"
10. Hoe lyk die skoppelmaai, waarvan is hy gemaak?
11. Waarom lyk Kantel later treurig?
12. Waarom is daar nou in Blommeland groot vreugde?

13. Skryf in die meervoud: wind blomhuis tent pakkie kabouter towerballon stokroos land fontein blom rankplant oog
14. Kyk op bl. 197 in jou woordeboek vir die woord : "vreugde" en skryf sy betekenis neer.
15. Kyk op bl. 174 in jou woordeboek en skryf die betekenis van "treurig" neer.
16. Kyk op bl. 105 in jou woordeboek en skryf die betekenis van "nektar" neer.
17. Gee die trappe van vergelyking: mooi ............ .....................
    groot .................. ..................... goed ............... ....................
18. Verkleining: huis tent tert kabouter klok stok roos oog fontein ballon blom troue